

Committee positions, whereas in Polokwane the ANCYL simply backed a senior faction that won (p. 155). A contrast in ideologies also exists, the class of '44 believed in Booker T. Washington's idea of 'self-help' as appose to what might now be called 'help yourself' (p. 156), Where Peter Mokaba made his wealth through hair salons, Julius Malema made it through government tenders, 'lift as you rise' has been rendered a red-herring. By in large, Glaser succeeds in his objectives, and has written a book of profound utility for anyone who cares to learn more about the history of the ANCYL.

'n Meer inklusiewe benadering tot die Geskiedenis van Suid-Afrika

(Tafelberg, Kaapstad, 2012, ISBN: 978-0-624-05466-5, 640 pp, R285)

Fransjohan Pretorius (Red), *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*

Marietjie Oelofse

Department Geskiedenis

Universiteit van die Vrystaat

oelofsem@ufs.ac.za

Nog 'n toevoeging tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing word gemaak deur die boek *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*, onder die redakteurskap van Prof. Fransjohan Pretorius. Die boek is die gevolg van 'n leemte wat aangespreek is tydens 'n simposium van die Geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 2006. Tydens die geleentheid is die begeerte uitgespreek vir 'n "omvattende geskiedenis van Suid-Afrika", waar die pendulum meer in die middel is betreffende die geskiedskrywing van Suid-Afrika. Dus, waar die geskiedskrywing meer gebalanseerd is en wegbeweeg van die vroeëre sterk Afrikaner- of blanksentriese benadering na die huidige sterker fokus op swart versetbewegings of die "struggle"-benadering. Kortom: die ambisieuse projek is van stapel gestuur "ter wille van versoening en wedersydse begrip onder die verskillende kulturele en politieke groepe".

As gerekende navorsers is die medeskrywers van hierdie publikasie terdeë bewus daarvan dat totale neutraliteit en objektiwiteit in geskiedskrywing 'n strewe bly en word onomwonde in die inleiding verklaar dat, ten spyte van die ideaal om 'n meer gebalanseerde geskiedenis van Suid-Afrika te boek te stel,

hul steeds nie aanspraak maak op volkome objektiwiteit nie. Dit bly egter hul doelwit met die boek om sover moontlik 'n "billike en objektiewe geskiedenis van Suid-Afrika" aan te bied. Vandaar dat die boek diverse sienswyses van bepaalde tydperke aan die leser voorhou. Vergelyk byvoorbeeld, soos tereg aangedui, die verskil in Herman Giliomee en David Scher se interpretasie van die rol wat apartheid by die Nasionale Party-oorwinning in 1948 gespeel het.

Die boek maak, net soos van sy voorlopers betreffende 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika, waaronder *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* onder redaksie van Trehwella Cameron en SB Spies (1986); die *Reader's Digest illustrated history of South Africa* (1988); en *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* onder redaksie van H Giliomee en B Mbenga (2007), gebruik van interdisiplinêre samewerking. Benewens 'n groot groep historici, word kennis ook verkry uit die etno-argeologie (Andrie Meyer), geografie (Barnie Barnard) en politieke veld (Jan-Jan Joubert).

Pretorius met sy groep van 22 Suid-Afrikaanse medeskrywers, is dus hoofsaaklik historici en hierdie groep sluit 'n verskeidenheid van spesialisterreine met diepgaande kennis binne die geskiedeniswetenskap in. Deur gebruik te maak van dié groep historici word grootliks aandag gegee aan die politieke geskiedenis, met inagneming van die ekonomiese -, kerk- en omgewingsgeskiedenis, asook sekere sosiale faktore van bepaalde tydperke in Suid-Afrika se geskiedenis. Lig word gewerp op hoe verskillende aspekte en gebeure die betrokke bevolkingsgroepe beïnvloed en betrek het. Daar word dus gepoog om die betrokkenheid van alle Suid-Afrikaners binne historiese konteks in ag te neem en te verreken. Hierdeur word die leser bewus gemaak van die invloede wat politieke, ekonomiese en omgewingsdenke en omstandighede op alle bevolkingsgroepe kan uitoefen.

Die titel van die boek reflekteer in die 29 hoofstukke wat Suid-Afrika se verlede omsluit, vanaf die oerverlede (*voortye*) wat in Hoofstuk 1 weergegee word tot en met Hoofstuk 29, wat fokus op 2011 (*vandag*). Dit verskaf aan die leser 'n besondere reis deur die geskiedenis van Suid-Afrika van die vroegste gebeurtenisse tot en met 'n kontemporêre interpretasie van gebeure en uitdagings in die tydperk 2004-2011. Ander hoofstukke verken onder meer die koloniale era, die Groot Trek en Voortrekkers, die minerale revolusie, die ekonomiese ontwikkeling binne Suid-Afrika, die Anglo-Boereoorlog, Afrikanernasionalisme, die vestiging van apartheid en swart verset, vakbonde en arbeid, terwyl klem terselfdertyd op die Afrikaanse kerke en omgewingsfaktore binne Suid-Afrika geplaas word. Derhalwe word

‘n oorwegend chronologiese benadering in die boek gevolg, terwyl daar terselfdertyd ook bepaalde temas uit die betrokke tydperke aangespreek word. Hoewel daar ‘n gemis aan bepaalde temas is, spreek dit vanself dat die reeds lywige publikasie nie alle gebeure kan aanspreek nie.

Die 640 bladsye boek verskaf slegs agt kaarte in swart en wit met ongelukkig geen verdere visuele uitleg soos byvoorbeeld kleurillustrasies en foto’s nie. Wat wel interessant is, is die tydlyne wat verskaf word in die eerste hoofstuk, asook die geblokte informasie wat telkens in hoofstukke opduik om bepaalde terme/konsepte/persones meer beskrywend toe te lig. Die skryfstyl is gemaklik wat die boek verder toeganklik maak. Teen die einde van die boek verskyn ‘n lys van die medewerkers met gepaardgaande biografie van elke outeur, asook ‘n omvangryke register en uitgebreide bibliografie van elke hoofstuk, wat uiteraard met groot vrug gebruik sal kan word vir verdere naslaanwerk.

Hierdie omvattende geskiedenisboek in Afrikaans is ‘n welkome toevoeging en maak ‘n waardevolle bydrae tot die historiografie en literatuur oor die algemene geskiedenis van Suid-Afrika. Dit sal nuttig wees vir ‘n breë teikengroep wat skoolleerlinge en studente van geskiedenis, onderwysers, dosente, historici en die algemene publiek insluit. Ongelukkig sal die teikengroep lesers beperk wees tot diegene wat Afrikaans verstaan. Om die trefkrag van die boek te verbreed en by te dra tot ‘n meer gemeenskaplike geheue, sal dit wenslik wees indien die boek ook in ander tale vertaal kan word. Daarvolgens sal dit meer toeganklik wees vir alle taalgebruikers om sodoende ‘n groter leserspubliek bloot te stel aan die meer inklusiewe benadering tot die geskiedenis van Suid-Afrika wat verdere insig en debatvoering kan meebring.

No more than a pocket history

(Jacana Media, Johannesburg, 2012, ISBN 978-1-4314-0379-0, R103)

Saul Dubow, *South Africa’s Struggle for Human Rights*

Willem Krog

Writer & Human Rights Lawyer

Johannesburg

willem@willemkrog.co.za